Middagete met
Marita van der Vyver

’n Kardoes vol blou

Kirby van der Merwe het op die Sandveldse dorp Aurora met die skrywer Marita van der Vyver gesels oor haar “ampstermyn” as ondersteunende kunstenaar van die *WAT* se Borg ’n Woord-projek.



Ek en Marita van der Vyver soek ’n koel plek om te gesels in haar pa, Daan, se huis op Aurora in die Sandveld. Eers op die stoep met die uitsig oor die Sandveldse ooptes tot by Velddrif aan die Weskus in die verte. Maar die hitte van meer as 40 °C laat steier ons terug na die koeler sitkamer. Sy en haar suster het die vorige aand, Oujaarsaand, só lekker opgeskop, sê sy – stukke uit *Cabaret* en *The Rocky Horror Picture Show* nagedoen in Aurora se enigste eetplek, saam met haar familie – dat sy las het van haar heuppotjie. (Dit was die eerste keer in 14 jaar dat die Van der Vyvers hier saam Kersfees gevier het.)

“Mia, kan jy gou-gou kyk!” sê sy vir haar jongste toe ’n selfoon skril begin lui (terwyl sy in die oopplan-kombuis tee maak). Mia bring die selfoon en Marita antwoord. “Dis haar oupa se selfoon, en sy is ’n bietjie sku om in Afrikaans te antwoord. Nie dat Mia nie Afrikaans kan praat nie,” sê sy, want sy praat konsekwent Afrikaans met haar sedert sy ’n baba is. “Dit is bloot vir haar die maklikste om my te antwoord in Frans en ek het nooit ’n ophef daarvan gemaak nie.”

Sy het haar dogter gebring sodat sy ’n egte snikhete Suid-Afrikaanse somer kan beleef. “Dit is die eerste keer in haar lewe dat Mia ’n warm Kersfees ervaar. Dit is iets wat ek vir haar wil gee, want ek praat baie daar oorkant van die warm Kersfees. Dis so ’n vreemde gedagte vir Europeërs. Hulle kan nie glo dat ’n mens die dag voor Kersfees op die strand in die son kan gaan lê en bak nie.” Sedert sy 14 jaar gelede in Frankryk gaan woon het, vier sy en haar Franse man, Alain Claisse, en hul vier kinders Kersfees dáár in die Europese winter.

Aurora, sê sy – toe sy ’n skinkbord met tee en Stollen, ’n Duitse vrugtekoek wat gewoonlik met Kersfees voorgesit word, op die koffietafel voor my neersit – is die “fiktiewe” dorp in haar roman *Vergenoeg*. “Dis nie letterlik beskryf nie, maar dit is die dorp wat ek in my agterkop gehad het toe ek *Vergenoeg* geskryf het. My pa het toevallig die stil dorpie ontdek en hier kom aftree. Maar nou het ons ’n konneksie met die dorp omdat my ma, wat hier dood is, se as in die kerk se gedenkmuur is. Alhoewel ek nooit hier gewoon het nie en nooit langer as ’n paar dae op ’n slag hier deurgebring het nie.”

“Dit was ’n besonderse lekker jaar vir my,” sê sy. Haar jongste roman, *Die Blou van Onthou,* is gepubliseer. “Dit is verskriklik lekker om die boek in die boekwinkels se vensters en op die rakke uitgestal te sien, want gewoonlik kom ek net vir bekendstellings as ’n boek pas uitgereik is, vóórdat dit op die rakke is.”

In 2010 het sy die roman *Dis Koue Kos, Skat* gepubliseer, asook die kosboek *Somerkos in Provence* saam met haar man, wat self handig voor die stoof is, die bundel *Die Mooiste Sprokies van Grimm*, geïllustreer deur Piet Grobler, én die jeugboek *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*.

“ ’n Groot geluk het my getref met *Hanna Hoekom*. Dis voorgeskryf vir skole, daar is ’n fliek van gemaak én ’n prenteboek.”

En haar kosboek is die basis van die televisiereeks *Marita Kook*, wat in die suide van Frankryk opgeneem is.

Die Blou van Onthou is verlede Oktober by Woordpret, een van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (*WAT*) se projekte, bekendgestel. “En by dié geleentheid,” sê Marita, “het dr. Willem Botha van die *WAT* aangekondig ek is hierdie jaar se ondersteunende kunstenaar vir die *WAT* se Borg ’n Woord-projek.”

> Een van my gunsteling-woorde én die eerste woord wat ek geborg het, is “kardoes”. Dit is so ’n lekker outydse word, selfs in die klank. En die nostalgie wat saam met die woord gaan!

Charlene Truter was verlede jaar die ondersteunende kunstenaar, en David Kramer in 2011.

“Ek het vir Willem verlede jaar by die Het Festival voor het Afrikaans in Amsterdam raakgeloop, en hy het my gevra. Gewoonlik sê ek nee vir sulke amptelike goed. Maar dit is eintlik so ’n lekker prettige idee om die *WAT* én Afrikaans te bevorder. Ek is nie een vir winkelboikotte as Afrikaans dalk van produkte verwyder word nie. Met aggressie verdryf jy baie meer mense. Daarom is die Borg ’n Woordprojek so ’n lekker positiewe idee.”

Die *WAT* dokumenteer die Afrikaanse woordeskat in sy wydste omvang, volgens die webwerf www.wat.co.za. Dit is ’n groot projek; dié instelling werk tans aan die letter S.

“As jy die voortbestaan van Afrikaans wil verseker, borg ’n woord teen R100 per woord. Teen R5 000 per woord behoort die woord uitsluitlik aan jou. Jy ontvang ’n sertifikaat met jou naam en die woord of woorde wat jy borg. En as jy dit voor 28 Februarie 2013 doen, kom jy in aanmerking vir die prystrekking vir ’n Absa-belegging van R25 000.”

Volgens die *WAT* het ’n Stellenbosser, Chris Otto, al die krieketterme in dié woordeboek vir R22 000 geborg.

“Een van my gunsteling-woorde én die eerste woord wat ek geborg het, is “kardoes”. Dit is so ’n lekker outydse word, selfs in die klank. En die nostalgie wat saam met die woord gaan!

“Tydens die bekendstelling van *Die Blou van Onthou*, wat toevallig saamgeval het met die aankondiging van ondersteunende kunstenaar, het my uitgewer, Tafelberg, besluit om ‘blou’ te borg.”

7de Laan het R20 000 se woorde geborg. Die span het die woord “fantasmagories” en die frase “gevleuelde woorde” eksklusief geborg vir R5 000 elk. En Oubaas het blykbaar “bromponie” geborg, Hilda “hartjie”, Paula “prut”, Aggie “oorbelle”, Gita “sprankel” en Matrone “vonkel”.

Van die woorde wat geborg is, is: appelkooskonfyt, deernis, desnieteenstaande, dividend (deur PSG), entrepreneur en kontantvloei (deur Jannie Mouton), katoeter, oulap (deur Jans en Almeri Rautenbach), spanning (Deon Meyer) en verfomfaai.

Sy giggel toe ek vra wat sy tot dusver in haar “ampstermyn” gedoen het. “Ek probeer om wanneer ek die kans kry mense bewus te maak van die *WAT*. Daar is ook ’n skakel na Borg ’n Woord op my webwerf.”

’n Tweede koppie tee. Die hitte laat my my lus vir Stollen verloor.

“Ek hoor die interessantste stories. Willem stuur onlangs vir my ’n briefie aan wat iemand vir hom uit Nederland geskryf het. Daai Nederlanders wat ook Afrikaanse woorde geborg het, mense wat self nog nie in Suid-Afrika was nie. Soos die een vrou wat vertel het haar gunsteling-woord is ‘moltrein’. Ons het woorde wat vir die Nederlanders baie interessant is, die woorde wat ons in Afrikaans geskep het. Ek het self nooit gedink moltrein is iets besonders nie totdat ek deur ander oë daarna gekyk het. Dit sê presies wat dit is. Ek het ’n Nederlandse vriendin wat mal is oor ‘spookasem’.”

Spyskaart
Die huis van die Van der Vyvers, Aurora

Tee en Stollen, met komplimente